

8 Oktober

**Skrifgedeelte: 2 Kronieke 36**  
**Fokusgedeelte: 2 Kronieke 36:11-23**

### **Die Here regeer verder, al wankel koninkryke**

Die Kroniekeboeke handel oor God se heiligdomme. Aan die einde van 2 Kronieke word ons herinner: die Here was begaan oor sy woning (36:15 NAV). Hy het innig saamgeleef (OAV: het medelye gehad) daarmee. Dis waarom Hy een na die ander boodskapper gestuur het om die konings en die volk te waarsku. Dit is ook waarom 2 Kronieke soveel besonderhede gee oor die tempeldiens.

Die laaste hoofstuk van 2 Kronieke beskryf vir ons hoe dit gekom het dat die eerste tempel verwoes is. Nebukadnesar van Babel, die nuwe wêreldheerser, is alreeds besig met sy segetog. Die laaste konings, Joahas, Jojakim (Eljakim), Jojagin en Sedekia (Mattanja) is weinig meer as marionette in die hand van Egipte en Babel. Al vier het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here, al vier het die volk op hulle dwaalweg saamgevat en al vier is as gevangenes weggevoer. Die oordeel van die Here is onvermydelik. En tog sien ons iets van die Here se lankmoedigheid. Hy wag met die oordeel. Hy waarsku. Die ramp kom nie skielik nie. Vir oulaas waarsku hy deur die profeet Jeremia.

Die boek eindig met Kores van Persië se proklamasie dat 'n tempel in Jerusalem gebou mag word – die tweede tempel na 'n sabbatsrus van sewentig jaar! Die volk het nie meer 'n koning nie, maar die Here regeer steeds. Die herstelde tempeldiens is bewys daarvan. Dit was die boodskap aan die eerste lesers.

En ons? Daar is geen tempel meer nie. *Gelowiges* is God se tempel – elkeen afsonderlik en almal saam (1 Kor 3:16 en Ef 2:21-22). En as ons in die Here sterf en sý rus ingaan sal ons deel hê aan die Nuwe Jerusalem, waar God self en die Lam die tempel is. God se woonplek is dan by die mense (Op 21:3, 22).

*Sing: Skrifberyming 9:4,5 Prof PP Krüger (Teologiese Skool Potchefstroom)*